**THE PROFESSIONAL PROVIDENT SOCIETY HOLDINGS TRUST IT 312/2011**

## NOMINASIE VIR AANSTELLING AS ’N TRUSTEE

## TOESTEMMING EN VRYWARING DEUR GENOMINEERDE

Voltooi hierdie vorm volledig en stuur dit aan die Trustsekretaris

Ek, ______________________________________________________________ [volle name en van]

ID Nr: ________________________________ PPS Lidnommer: ____________________________

Adres: ______________________________________________________________________

______________________________________________________________ Poskode: ______

Telefoonnr: ____________________________ Selfoonnr: ______________________________

E-pos: ______________________________________________________________________

magtig hiermee The Professional Provident Society Holdings Trust (PPS) om my naam, van en identiteitsnommer aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), asook ’n kredietverwysingsmaatskappy van PPS se keuse beskikbaar te stel vir doeleindes van die nagaan van my kriminele- en finansiële agtergrond en kredietrekord.

Ek stem hiermee toe dat my vingerafdrukke geneem mag word, soos vereis word om my kriminele rekord na te gaan.

Verder magtig ek die SAPD om persoonlike inligting aangaande enige kriminele rekord wat ek mag hê, of ander relevante inligting wat normaalweg deur die Kriminele Rekordsentrum van die SAPD in hierdie verband verskaf word, aan PPS se behoorlik aangestelde agent beskikbaar te stel.

Verder vrywaar ek onvoorwaardelik die PPS Groep, sy lede, werknemers, filiale, geassosieerdes en uitgekontrakteerde diensverskaffers teen enige aanspreeklikheid wat uit die verskaffing van inligting in hierdie verband mag spruit.

Verder vrywaar ek onvoorwaardelik die SAPD en al sy lede, werknemers en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika teen enige aanspreeklikheid wat uit die verskaffing van inligting in hierdie verband mag spruit.

Ek verstaan dat dit ’n voorwaarde van die SAPD is dat:

(a) Die inligting uitsluitlik verskaf word vir doeleindes van my voorgenome aanstelling as ’n trustee van The Professional Provident Society Holdings Trust;

(b) Enige inligting wat aan PPS verskaf word op versoek aan my openbaar gemaak sal word;

(c) PPS se gemagtigde agent verantwoordelik is vir die kontrolering van die akkuraatheid in alle opsigte van die inligting wat deur die SAPD verskaf word.

Geteken te ____________________________ op hierdie _____ dag van ______________ 20____

Getuies: 1. ____________________________

2. ____________________________

____________________________

Handtekening van Genomineerde